

Skriflesing: Joël 2:18 - 32

Fokusgedeelte: Joël 2:27

Die groot Versekeraar se versekering

Inleiding

Versekering is deel van ons lewe. Wanneer misdaad of 'n ramp jou tref, dien jy jou eis in. Die versekeraar vergoed jou vir jou verlies. Wanneer jy 'n groot operasie moet ondergaan, maak jou mediese versekering dit vir jou moontlik. Die versekeraars spog graag oor hoe getrou en maklik hulle eise uitbetaal.

Ons ervaring is meestal anders. Soms kry 'n mens die indruk dat die versekeraars 'n verskoning soek om nie jou eis uit te betaal nie.

Joël vertel ons van 'n vreemde Versekeraar. Die skade is nie deur 'n derde party veroorsaak nie. Juis hierdie Versekeraar het sy volk skade aangedoen. Hy het die sprinkaanswerms gestuur wat alles wat groen is opgevrete het.

Die Versekeraar onderneem om wel die volk te vergoed. Hulle sal weer oorvloed hê. Hulle sal weet dat Hy as Versekeraar uniek is; dat Hy hulle God is; dat hulle daarom nooit weer in die skande sal kom nie. Ons **tema** vanaand: **Die groot Versekeraar se versekering**. Hierdie tema val uiteen in twee hoofdele: (1) die Here vergoed sy volk en (2) Die Here se doel met die vergoeding

Die Here vergoed sy volk

In Joël 1 het ons gesien dat die landseksonomie van die ontroue volk van God in duie gestort het, omdat sy volk van Hom afvallig geword het. Sprinkaanswerm na sprinkaanswerm het die ontroue volk van God in opdrag van die Here God soos 'n magtige leër getref.

Hierdie ekonomiese ramp het natuurlik nie God se volk uit die bloute getref nie; hulle het dit oor hulleself gehaal. Eeue se doelbewuste afval van die lewende God; eeue se ontrou aan die Here; eeue se afgodery het hulle agterhaal.

Die Here se doel daarmee was om hulle tot inkeer te bring en hulle tot hartgrondige bekering op te wek. Die Here God se oordeel het die beoogde gevolg gehad: Die volk het hulle bekeer.

Daarmee sou ons die hele saak as afgehandel beskou het.

Die genadige God oordeel egter heeltemal anders as ons. Hy sê: *Ek sal julle vergoed vir die tyd van sprinkaanswerm op sprinkaanswerm toe my groot leër wat Ek teen julle gestuur het,*

julle verteer het. Die feit dat die Here sy doel met sy oordeel bereik het, is nie vir Hom genoeg nie. Hy **vergoed** die bekeerde volk vir hul rampspoed.

Die woord, *vergoed*, is in die grondtaal 'n regsterm. Dit is merkwaardig dat die profeet van die Here juis hierdie term gebruik. Ons weet immers dat die ramp wat die volk beleef het, die gevolg van sy eie toedoen was. Hulle het geen reg op vergoeding gehad nie. Hulle posisie was geensins anders nie, as wat ons 'n eis vir vergoeding sou wou indien by 'n versekeringsmaatskappy waarby ons geen polis het nie. So 'n maatskappy sal ons eis uitgooi. Die vrymagtige God, die groot Versekeraar, sê egter: *Ek sal julle vergoed.* Dit is – in die volle sin van die woord – **genade**.

Dit geld ook ons wat glo dat ons op grond van Christus se verdienste verlos is, ook ons verkry in die volle sin van die woord 'n reg waarop ons regtens geen aanspraak het nie.

In ons plek het Christus aan God se eis van geregtigheid voldoen, deurdat Hy volmaak ooreenkomstig God se wil geleef het. Aangesien Hy dit in my plek gedoen het, kry ek die loon uit die hand van die Vader wat sy Seun vir my verdien het. En die straf wat ek verdien – die dood - het Hy gesterf. Dit bevestig sy uitroep aan die kruis: *My God, my God, waarom het U My verlaat(Matt 15:34)?* In die Nagmaalsformulier word die regsgevolg van hierdie kruiswoord só weergegee: ... *sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie ...*

Dit is dus nie net die volk wat die profeet, Joël, se profesie ontvang het wat 'n reg verkry het wat hulle nie verdien het nie: vergoeding vir die tyd van God se oordeel oor hulle ongehoorsaamheid nie. Ook ons kry wat ons nie verdien nie: die Seun van God se geregtigheid word ons toegereken, as ons dit alleen maar glo!

Die Here se doel met die vergoeding

Die volk van God wat in die verlede troueloos gehandel het, het tot inkeer en bekering gekom. Die Here het sy ootmoedige volk begenadig. Hy het hulle drie keer verseker dat Hy hulle nooit weer tot 'n bespotting sou maak (:19) en dat hulle nooit weer in die skande sou kom nie (:26, 27). Die Here sou ook hulle omstandighede verander: ... *die weiveld word groen, die bome dra vrugte, die vyebome en die wingerd staan in volle drag (Joël 2:22). Die dorsvloer lê vol koring, die parskuipe loop oor van wyn en olie (Joël 2:24).*

Hy het sy volk vergoed – selfs vir die skade wat hulle deur sy tugtiging gely het. Hy maak bekend waarom Hy in genade handel: *Dan sal julle besef dat Ek by Israel is, dat Ek die Here*

julle God is, dat daar buiten My nie 'n ander is nie (Joël 2:27). Die Here het sy volk in Joël se tyd herstel om Hom op daardie wyse te vereer.

Ook ons moet weet: die Here ons God wat ons in genade op grond van die verdienste van sy Seun verlos, moet alleen die eer daarvoor kry. Ons verlossing moet tot sy verheerliking strek.

Daarna staan die woorde opgeteken: *Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle ou mense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie (Joël 2:28 – 29).* Toe sommige ná die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag gespot en gesê het dat diegene wat in ander tale begin praat het, dronk is, het die apostel Petrus juis na hierdie profesie van Joël verwys en gesê: *Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het (Hand 2:15, 16).*

Die Heilige Gees is op alle gelowiges uitgestort. Die apostel Paulus bevestig dit: *Julle word ... nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie (Rom 8:9).*

Die feit dat die Heilige Gees in ons almal wat aan die Here behoort, woon en werk het besliste implikasies vir ons lewe. Die Heilige Gees lei ons:

- om nie 'n lewe van slawerny aan die sonde te lei nie, maar om met alle mag teen die sonde en ook ons sondige aard te stry en 'n lewe van oorwinning daarvoor te lei.
- om gehoorsaam aan en dankbaar teenoor die Here ons God te leef – vir die verlossing wat Hy bewerk het.

En ook dít dien tot die eer van die Naam van die Here.

Die profesie van Joël wat op Pinksterdag in vervulling begin gaan het, sal op die jongste dag, die dag van ons Here Jesus Christus se wederkoms, in volle en heerlike vervulling gaan. Dié wat nou glo, maar selfs elkeen wat weier om te glo, sal die knie voor Hom buig en elke tong sal sy Naam bely – tot eer van God die Vader (Fil 2:11).

Die groot Versekeraar verseker ons: *Dan sal julle beseft dat Ek by Israel is, dat Ek die Here julle God is, dat daar buiten My nie 'n ander is nie.*

Slot

Joël vertel ons van 'n vreemde Versekeraar. Die skade is nie deur 'n derde party veroorsaak nie. Juis hierdie Versekeraar het sy volk skade aangedoen. Hy het die sprinkaanswerms gestuur wat alles wat groen is opgevrete het.

Die Versekeraar onderneem om wel die volk te vergoed. Hulle sal weer oorvloed hê. Hulle sal weet dat Hy as Versekeraar uniek is; dat Hy hulle God is; dat hulle daarom nooit weer in die skande sal kom nie. Ons het gesien: (1) in genade vergoed die Here sy volk en (2) Die Here se doel met die vergoeding is dat Hy daarvoor vereer word. Ons het vanaand stilgestaan by: Die groot Versekeraar se versekering.

AMEN